
# 116 Ewig Rots geklief vir my




Wat kan ek ooit bring of doen
om my sonde te versoen?
Sou my hart van ywer glooei,,
sou my trane ewig vloei,
nóg gebede, nóg geween,
kan my red, Heer: U alleen!

Ledig en met skuld belas,
klem ek aan u kruishout vas;
nakend kom ek kleding vra,
hulploos smekend met gekla;
vuil soek ek u heilsfontein,
was my, Heiland, maak my rein!

Gaan my lewenslamp eens uit,
as die dood my oë sluit;
moet ek uit die wêreld gaan,
eenmaal voor u regbank staan;
ewig Rots, geklief vir my,
laat my veilig in U bly!

Augustus Montague Toplady (1740-78) R. Redhead (1820-1901)